WEEK 37 - HERHALINGS VAN BERIGTE/INLIGTING IN 'N VORIGE VRYPOS

1. ALGEMEEN:

BESTELVORM VIR JAARBOEK 2017: Gemeentes moet asseblief kennis neem dat hulle self verantwoordelik is om die nuwe Jaarboek vir 2017 vanaf Bybel-Media te bestel, die plaaslike Sinodale Kantoor hanteer dit nie – klik **hier** vir die bestelvorm.

2. GEBEURE BY GEMEENTES:

NG HUGENOOT:

NG LANGENHOVENPARK:

Rina Hugo en die Christelike Seemansorganisasie besoek Langenhovenpark-gemeente, op **Sondagoggend 27 November, om 09:00**. Toegang is gratis, maar sagte kollekte sal opgeneem word- daar sal na die diens CD's verkoop word.

* * * * * * * * * * * * *

NG WELKOM – KERSSANGDIENS & 'N KERSMARK:

Op **Sondag 27 November 2016 om 09:00,** vind hulle **Kerssangdiens** plaas - alle lidmate, oudlidmate en belangstellendes word uitgenooi om hierdie geleentheid by te woon.

Op **Saterdag 3 Desember 2016** bied die gemeente ook 'n **Kersmark** aan. Dit begin die oggend om **08:00**. Daar sal verskeie tafels, onder andere vir gebak (koeke, terte, koekies, koeksisters, beskuit, lekkers) en gebottel (ingelegte produkte) wees, asook vir handwerk en plante. Kom geniet heerlike pannekoek, poedings, braaivleis en sien ook 'n modeltreinuitstalling.

NG HEUWELSIG:

NG GARDENIAPARK SE KERSMARS: Hierdie jaarlikste instelling en enig in sy soort, vind op **Sondag 27 November 2016 om 19:00** plaas. Almal kom by die kerkgebou in Nerinastraat bymekaar, bring genoeg water, 'n kers en blaker en klim dan agter op 'n trok of 'n trekker met 'n wa, of stap saam en sing die strate van Gardeniapark aan die brand…, ***want ons Heiland is gebore!***

* * * * * * * * * * * * *

NG NOORDHOEK:

Kerssangdiens
27 November 2016

met
Inspirit-sanggroep
vanaf Hartswater

***Inspirit-sanggroep* begin reeds om 18:35 sing,**
die diens begin 19:00

Almal welkom

Inligting: Grace Pretorius
Sel: 082 570 0710

NG WATERBRON SE KERSDIENS:

SONDAG 25 DESEMBER 2016 OM 08:00

Plek: NG Kerk Waterbron
Vergezocht pad, Bainsvlei
(S 29°3'58.09" E 26°3'52.29"

Kontak: Santa Pretorius @ 051 445 2345 (k/u
Ma-Vr 08:00 – 13:00
www.waterbron.co.za
www.facebook.com/waterbron

Almal is welkom, bring gerus jou familie en vriende saam!

KERSFEES 2016 @ TORINGS VAN HOOP: Ds De la Harpe le Roux, leraar by hierdie sentrum (NG Tweetoring), skryf die volgende oor hul groot Kersprogram van 2016: *Vanjaar werk ons met die* ***BRANDENDE HART*** *as simbool van God se onvoorwaardelike en kragtige liefde. 'n Liefde wat ons bevry van eie selfsugtigheid en ons harte aan die brand steek vir ander! Kom en sluit hiérdié Kerstyd by ons aan om iets van God se liefde vir 'n stukkende*

Kersfees 2016 @ Torings van Hoop
Die liefde van Christus dring ons!
(2 Kor 5:14)

Tel +27 51 430 4274 /
info@towersofhope.org
Volg ons op *Facebook* by
TORINGS VAN HOOP

samelewing te wees. **Lees asseblief deur en kyk waar jy moontlik behulpsaam kan wees:**

Die sentrum beplan die volgende as deel van hul Kersprogram:

- **Om voor Kersfees, 'n geskenkie aan prostitute uit te deel**
- **Uitstappie vir ongeveer 20 straatkinders**
- **Om vir 400+ mense 'n heerlike Kersete voor te sit (die 9de keer hierdie jaar!)**

Vir hierdie enorme taak word daar baie hulp benodig, soos borge/skenkings vir geskenkies, lekkernye vir die kinders, bestandele, ensovoorts, vir die Kersete, asook heelwat vrywilligers om hulle hierin by te staan - daar kan ook finansiële bydraes gemaak word.

Maak hierdie Kersgety 'n daadwerklike verskil in iemand se lewe!

BENODIGDHEDE / BANKBESONDERHEDE:

1. Voor Kersfees wil hulle graag **een nag met hul weeklikse NAG-UITREIK na DAMES VASGEVANG IN PROSTITUSIE,** 'n **spesiale geskenkie**, wat iets van God se **brandende liefde uitbeeld**, aan die dames uitdeel. Hulle benodig 'n stukkie kunsjuweliersware, lekkerruik goedjies, sepies, miskien 'n mooi waslappie, sjokolade. Hulle wil dit alles in 'n keurig-gemaakte sakkie (in hul Thessa-program), verpak met 'n woord oor God se liefde, daarop geborduur. Daar word ongeveer 40 sulke geskenkpakkies benodig - ***kan jy dalk help?***

2. Vir sowat 20 van die **STRAATKINDERS** word **'n lekker dag by die stadion** (of ander openbare) swembad, beplan. Hulle wil die kinders bederf met 'hotdogs', koeldrank, 'chips', lekkergoed en vrugte - ***kan jy dalk help?***

3. En dan **die groot KERSETE op KERSDAG (na afloop van die Kersdiens @ 10:00, is die ete om 11:30),** waarna almal uitgenooi is! Kan jy glo, dit is al vanjaar die 9de keer dat hiérdié hoogs suksevolle projek aangepak word? Van 120 mense in 2008, het dit gegroei na 400+ verlede jaar! En daar was nog altyd oorgenoeg vir almal! Baie dankie vir almal wat dit jaar na jaar moontlik maak! Daar is reeds (danksy 'n klompie wonderlike skenkings van individue en veral *Shoprite-Checkers*), baie stampmielies en rys, asook baie aanmaakkoeldrank (as iemand moontlik nog so 500 blikkies gaskoeldrank kan skenk, sal dit uitstekend wees!) - ***kan jy dalk help?***

3.1 DIE VOLGENDE ITEMS WORD BENODIG OM 4 GROOT POTTE POTJIEKOS met bykosse te maak:

* 4x nr 22-24 ysterpotte OM TE LEEN vir die maak van die potjiekos
* 10x 5kg sakke 'charcoal', of OM TE LEEN 'n groot gasbraaier met plek vir 4 groot potte
* Stowevleis sonder bene (60 kg - rooi vleis asb)
* Butternut pampoene (20 kg)
* Aartappels (30 kg)
* Spinasie (15 kg)
* Uie (10 kg)
* Wortels (15 kg)
* Tamaties (100)
* Margarien (genoeg om 500 broodrolletjies te smeer)
* Olie (5 liter)
* Knoffel (2 kg)
* Karingmelk (5 liter)
* Vanilla roomys (15 x 5 liter)
* BAIE sjokolade sous!!
* Verskeidenheid van lekkers (ons wil so 450 pakkies opmaak)
* Waslappies, toiletseep, deoderant (vir 400 geskenkpakkies)
* Vars broodrolletjies (500 ASB!)
* Polistereen glase (400)
* Polistereen 'toeplak' bakkies (400 – ons het nog 'n klompie van laasjaar)
* Plastiek ronde poedingbakkies (400 – ons het nog 'n klompie van laasjaar)
* Wit plastiek messies, vurke, lepels (400 – ons het nog 'n klompie van laasjaar)

3.2 Daar word ook beslis BAIE VRYWILLIGERS benodig om vooraf en op Kersdag hulp te verleen: Indien jy beskikbaar is, kyk na die die volgende lysie en kontak asseblief vir Torings van Hoop:

- Die week voor Kersfees (19 – 24 Des) - bystand met die voorbereiding van die kos.

- Kersdag (07:00 – 10:00) - bystand met die dek en versier van die tafels buite op die gras.
- Kersdag (07:00 – 11:00) - bystand met die laaste voorbereiding van die ete.
- Kersdag (11:00 – 12:00) - deel van die span wat die mense moet bedien.
- Kersdag (12:00 – 13:00) - bystand met die opruiming na die ete.

Dan is jy natuurlik ook baie welkom om 'n **finansiële bydrae** te maak vir hierdie wonderlike Kersprogram. Jy kan dit by Tweetoring se kerkkantoor kom doen, of direk in hulle rekening inbetaal by: *Torings van Hoop Trust, FNB (Brandwag 23-05-34), Tjekrek 622-5838-9602,* ***merk dit asseblief duidelik, Kersprogram.***

Met groot dank!
Personeel & Trustees - Torings van Hoop